PREEK
4 MAART 2018

Teks: 1 Tim 2:1-7
Tema: God se wil vir elke mens

In ons reeks oor God se wil fokus ons vandag op God se wil vir elke mens wat gebore word. Ons bely dat elke mens in sonde gebore en ontvang word (Rom 3:23, 1 Joh 1:8). Ons is almal besmet met die eerste mensepaar se sonde. Ons word dus verlore gebore. Niemand sal die toorn van die heilige God ontvlug nie. Trouens Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die hele wêreld gaan oordeel (Hand 30:17). Nou sê Rom 5:12 dat God die sondaar liefhet. God haat sonde, maar het die sondaar lief. En God wil nie dat een sondaar verlore gaan nie, maar dat elkeen hom / haar sal bekeer. Dit is God se wil vir elke mens op aarde. 1 Tim 2:4 spel dit mooi uit: "**(God) .....wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom"**
In sy skrywe aan die jong Timoteus plaas Paulus nou hierdie droom van God binne-in 'n breër nasionale konteks.

Hy begin op sy knieë (vs 1). Smekend **bid** hy **vir alle mense.** Hy lê hul sake voor God en sê by voorbaat dankie dat God dié wat smeek / soebat se versugtinge nie gering ag nie. Dan **bid** hy spesifiek **vir die leierskap** – nasionaal, provinsiaal en plaaslik (vs 2). Hulle is die mense wat wet en orde moet handhaaf. Hulle moet leiers wees met integriteit en bereid om te dien. Hulle hanteer komplekse uitdagings en benodig wysheid. As hulle hul roeping reg uitleef, skep hulle 'n klimaat van veiligheid, vrede en harmonie. Binne so 'n konteks kan mense vrylik aanbid, getuig en dien (vs 2),

Ons land is so pas deur 'n proses van leierskapswisseling. Ons kom uit 'n bedeling waar korrupsie, met katastrofale gevolge op sosio-ekonomiese gebied, geldwassery, bedrog onder leiers aan die orde van die dag was. Met ons nuwe president se aanstelling is daar bemoedigende tekens van hoop dat 'n bedeling aanbreek waar hoër eties waardes nagestreef gaan word, wet en orde gerespekteer en gehandhaaf gaan word, reg en geregtigheid hoog op die prioriteitslys is en die land en die mense se belange bo eie belang voorrang gaan geniet. Die rol wat gebed in die veranderinge gespeel het moenie onderskat word nie. En ons moet aanhou bid vir die regering en opposisie partye dat hulle so regeer dat ons 'n rustige en stil lewe kan lei.

'n Rustige en stil lewe verseker egter nie outomaties dat mense in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid sal lewe nie (vs 2). Daarom vorm dit juis deel van Paulus se gebed. Hy smeek God dat juis dit die uitvloeisel sal wees van 'n staatsbestel waar reg en geregtigheid en wet en orde gehandhaaf word. Daarom bid hy vir alle mense (vs 1). As burgers van die land moet ons in volkome toewyding aan God leef. Dit is wat God begeer! Nou vanaf vs 4 gaan hy voort en spel 'n lewe van toewyding aan God meer spesifiek uit. Hy bid nie vir 'n staatsbestel waar godsdiensvryheid in die algemeen kan gedy nie. Godsdiens as sodanig in sy diverse gedaantes is nie sy intensie nie, want godsdiens verlos mense nie. Die geskiedenis het ons immers geleer dat godsdiens gevaarlik kan wees. Nee hy bid dat mense van sonde en al die gedaantes waarin dit manifesteer, **verlos** sal word. Om te weet hoe dié verlossing werk, voeg hy by: "dat mense tot die **kennis van die waarheid** sal kom" (vs 4). Hier stel hy waarheid teenoor die leuen. Godsdiens kan deurspek wees van leuens en dwalinge. Suiwer godsdiens daarenteen weet daar is **net één God –** die God wat Homself as die Drie-Enige God van die Bybel aan ons openbaar. Wat mense as god in hul godsdienstigheid aanbid, is afgode – skeppinge van hul eie kreatiewe verbeelding (Rom 1:18-23, Hand 17: 22-31). Die God van die Bybel is 'n Verlosser – God (vs 3). En Hy het

een verlossingsplan en strategie. Jesus Christus is die plan en strategie (vs 5). Jesus het mens geword om ons as sondaars van sonde te verlos en terug te lei tot 'n persoonlike verhouding met God. Hy bied sy lewe as **losprys** by God vir elke sondaar aan. (vs 6) Sy kruisiging het deel gevorm van God se verlossingsplan vir die wêreld. So het die profeet Jesaja eeue gelede reeds voorspel (Jes. 49-53).
Dit het Petrus op Pinksterdag verkondig. (Hand 4: 10-12). En daartoe is Paulus gered, geroep en gestuur om dié wonderlike nuus aan die heidene mee te deel (vs 7). In die uitvoering van dié taak het Paulus hom met niks anders besig gehou nie. In 1 Kor. 2:2 sê hy: "ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus en wel oor Hom as die gekruisigde".

Jesus wat gekruisig is, het opgestaan. Hy lewe! Nou tree Hy in die hemel op as ons Hoëpriester (Hebr. 2:17, 4: 15, 8: 1-13, 10:16-22). Hy bemiddel ons saak by God (vs 5, Hebr. 9:15, 24, 7:25). Hy is ons Middelaar!

Samevatting:

Gebed skep die ruimte waarbinne die enigste ware God Sy verlossingsplan wil deurvoer. Daarom word ons as gelowiges tot knie-werk opgeroep. Deur te bid, en te getuig word ons God se medewerkers – verlostes wat getuig van 'n Verlosser-God. Mense wat van die self verlos is, lewe in volkome toewyding aan God. Hulle word voorbidders en so deel van God se verlossingsplan. Wie nie meewerk aan God se verlossingsplan nie is steeds voorwerpe van God se verlossingsplan.

In watter kategorie pas jy in?

Amen